Die Profetiese Woord vir die Kerk

1. Wat is ‘n Profetiese Woord?

Dit is die woord van die Here vir ‘n persoon, ‘n gemeenskap, ‘n volk of ‘n land. Dit is die Here wat met die mens kommunikeer deur verskeie maniere, ‘n Bybelvers wat jou aandag gryp, droom, visioen, profeet of profetiese gawe, besoek van Engele of van die Here.

Daar is verskillende tipe Profetiese Woorde wat ons van lees in die Bybel:

1. Opdragte of bevele (Gen. 6:13-22, 12:1, Exod. 3:10-4:17)
2. Waarskuwing (Jer. 1:13-19, Jona en Nahum, Matt. 24:1-3)
3. Bemoediging (Jer. 31-33, Jesaja 40-66, Eseg. 36-48, Joël 2:18-32)
4. Openbaring (Dan. 10-12, Openbaring, Exod. 24-31)
5. Teregwysing (Deut. 32, Jes. 6:10, Jer. 1:10)

2. Konflik as gevolg van die Woord van die Here

Die patroon wat ons in die Bybel duidelik sien herhaal, sodra die Here ‘n Profetiese Woord gegee het vir iemand kom die teenoorgestelde omstandighede oor hulle. Dit is die toets wat hulle moet slaag om deur geloof en lankmoedigheid die belofte te beërwe.

“Maar ons verlang dat elkeen van julle dieselfde ywer mag toon om te kom tot die volkome sekerheid van die hoop tot die einde toe; sodat julle nie traag word nie, ***maar navolgers van hulle wat deur geloof en lankmoedigheid erfgename van die belofte is.****” Heb. 6:11-12*

1. Noag (Gen. 6:13-22)
2. Abraham (Gen. 12-25)
3. Josef (Gen. 37-50)
4. Moses (Exod. 1-3)
5. Dawid (1 Sam. 16:13 - 2 Sam. 5)

3. Die Profetiese Woord in Praktyk

Die Here het ‘n spesifieke plan vir elke seisoen vir elke persoon, gemeente, dorp en land. Dit is ons werk om uit te vind wat die Here se plan is en om dit te doen. Dit is klink moeilik, maar eintlik is dit baie eenvoudig. Ons moet leer om te luister na die stem van die Here.

Die Groot Perspektief



Praktiese Raad

1. Openbaring
   Skryf neer wat die Here vir jou gesê of gewys het. Bid daaroor en as jy vrymoedigheid het deel dit met ‘n medegelowige vir raad.

2. Interpretasie
   Vra die Here wat is die boodskap wat Hy vir jou wil gee. Hou die gesprek met die Here oop en moet nie dink jy het die volle antwoord gekry die eerste keer as jy ‘n antwoord ontvang nie. Daar is baie keer meer diepte as wat jy op die oomblik dink.

3. Toepassing
   Soos jy insig ontvang moet jy gehoorsaam wees aan die Woord van die Here. Vra die Here hoe, waar en wanneer, moet nie aanneem jy weet nie.

As jy getrou is met bietjie sal die Here vir jou meer gee. So groei ons almal en ontvang ons meer soos ons getrou is.